# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter: MPAC (Artikel 79) |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder Gemeenskapsfasiliteite (*waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste*) |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. W Nero | : | Assistent: Interne Ouditeur *(waarnemende Interne Ouditeur)* *(sluit aan om 09:11)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**AKSIE**

**BKN001/01/2024**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Voorsitter verwelkom almal by die eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering vir 2024, waarna hy die vergadering open met gebed. Hy deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

Verder wens die Voorsitter alle Raadslede en Amptenare voorspoed toe vir 2024 se werksaamhede en moedig hy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie aan om die voortou te vat in die Raad en Administrasie ten einde dienslewering te verbeter.

***

**BKN002/01/2024**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste - afwesig met verskoning (vakansieverlof)

***

**BKN003/01/2024**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/01/2024**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 NOVEMBER 2023 EN DINSDAG 05 DESEMBER 2023</u>**
**3/3/2/2**
***(Die Notules word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 27 November 2023, bekragtig word; en

2. Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 05 Desember 2023, bekragtig word , onderhewig aan die onderstaande wysiging, soos versoek deur Raadsheer De Vries:

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

BKN014/12/2023
<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: TERUGVOERING RAKENDE DIE GESPREK MET DEPARTEMENT WATERWESE OOR DIENSVERSKAFFING AAN DIE MORAWIESE DORPE</u>
9/1/2

<u>BESLUIT</u>

3. Dat die nuwe ***konsepbeleid*** (wat die lewering van dienste op privaat grond aanspreek) by die SALGA werksgroep vir Infrastruktuur op die agenda opgeneem moet word ten einde die ***beleid*** in besonderhede te bespreek; en

4. Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe Dienste (namens die Regsondersteuningsdienste afdeling) so spoedig moontlik die ***konsepbeleid*** (wat die lewering van dienste op privaat grond aanspreek) verkry, sodra dit beskikbaar is, vir die nodige insae en kommentaar.

***

**BKN005/01/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 NOVEMBER 2023 EN DINSDAG 05 DESEMBER 2023**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 27 November 2023 en Dinsdag 05 Desember 2023.

***

**BKN006/01/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/01/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/01/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

***(Die waarnemende Interne Ouditeur sluit om 09:11 aan by die vergadering.)***

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Hy wens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Administrasie 'n voorspoedige 2024 toe met alle werksaamhede wat voorlê;
- Dat 'n brand plaasgevind het in Porterville en bedank hy die brandweerpersoneel asook die gemeenskap wat gehelp het om die brand te blus;
- Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester vra voorbidding vir die inwoners van Wolseley en omliggend wat geaffekteer is met die brand wat tans daar plaasvind; en
- 'n Bespreking vind plaas rakende klein besigheidseienaars wat navrae gerig het rakende Wetstoepassing wat hul bedrywighede tuis stop en meld sy kommer rakende die impak op die ekonomie asook op die eienaar self wat nie 'n inkomste kan genereer nie. Die Munisipale Bestuurder meld dat

die Huiswinkel beleid hersien was en dat sy dit aan die Speaker sal voorsien. Die Uitvoerende Burgemeester meld dat daar gekyk word na die beleid om voorsiening te maak vir persone wat 'n inkomste verdien uit hul verkope teenoor 'n geregistreerde klein besigheid.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Speaker op Saterdag 30 Desember 2023 verjaar het en wens hy hom namens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n voorspoedige 2024 toe met alle werksaamhede wat voorlê;
- Sy vra voorbidding vir die Uitvoerende Burgemeester se ma wat tans siek is en wens sy hom en sy familie sterkte toe in hierdie tyd; en
- Sy meld dat 'n gesamentlike gesprek gaan plaasvind by die Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 27 Februarie 2024 tussen Bergrivier Munisipaliteit en die Stedeband Munisipaliteit Heist-op-den-Berg vanaf België. Sy meld dat sy en die Uitvoerende Burgemeester by die PCF Tech moet wees maar virtueel gaan inskakel by die vergadering.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/01/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/01/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/01/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN012/01/2024**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN013/01/2024**
**AMENDMENTS TO THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY AND PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY – JANUARY 2024**
**5/1/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste.

Die Uitvoerende Onderburgemeester spreek sy misnoeë uit rakende die hantering van die verandering met verwysing na die gebrek van oorlegpleging deur Nasionale Tesourie ten opsigte van die wysiging aan die Wetgewing asook die impak wat dit op dienslewering het.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die Portefeulje Voorsitter van Finansiële Dienste en waarnemende Direkteur Finansiële Dienste die misnoeë van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee by die SALGA Werksgroep moet opneem.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemend)***

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n skrywe rig aan die Provinsiale en Nasionale regering rakende die misnoeë van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met die hantering van die verandering met verwysing na die gebrek van oorlegpleging deur Nasionale Tesourie ten opsigte van die wysiging aan die Wetgewing asook die impak wat dit op dienslewering het.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemend)***

Voorts versoek die Uitvoerende Burgemeester dat daar ‘n gesprek gehou moet word rakende die onderskeie drie (3) jaar kontrakte in die munisipaliteit asook die standaard van die diens wat die kontrakteurs by die onderskeie kapitaalprojekte doen.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the content of the report;
2. That the amendments to the Supply Chain management Regulations dated 14 December 2023 be noted;
3. That the amendments to the Municipal SCM policy, highlighted and attached as Annexure “A” be approved;
4. That the amendments to the municipal Preferential Procurement Policy, highlighted and attached herewith as Annexure “C” be approved; and
5. That the amendments to the Municipal Supply Chain Management Policy and the Municipal Preferential Procurement Policy be made public in accordance with Section 21A of the Local Government Municipal Systems Act, (Act 32 of 2000).

***

**BKN014/01/2024**
**TABLING OF A REPORT ON THE CHANGE OF THRESHOLDS WITHIN SUPPLY CHAIN MANAGEMENT**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste ‘n standaard operasionele prosedure (SOP) gaan opstel om die volledige proses wat gevolg moet word met die veranderinge te verduidelik.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the item be withdrawn from the agenda.

***

**BKN015/01/2024**
**RAISING OF NEW LONG-TERM DEBT 2023 – 2024**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council take note of the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***

**BKN016/01/2024**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE SECOND QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023/2024**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 1 July 2023 to 30 December 2023 representing the first quarter of the 2023/2024 financial year; and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN017/01/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN018/01/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN019/01/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN020/01/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN021/01/2024**
**2023/24 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT COMPILED IN TERMS OF SECTION 72 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Direkteur Korporatiewe Dienste 'n lys van alle vakante poste vanaf die 2022/23/24 finansiële jaar wat op die begroting geplaas is en nog nie gevul is en wat die vordering is van die prosesse ten einde te vergelyk die rede vir die oortyd per departement. Hy versoek dat daar krities gekyk word na die monitering van oortyd met verwysing na die uitskieters asook die behoefte van die publiek rakende dienslewering wat oortyd kan veroorsaak.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Voorts bedank die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder die Administrasie, met spesifieke verwysing na die PMU-afdeling met die MIG-projekte, wat die kapitaalspandering op datum hou.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee and Council note the 2023/24 Mid-year Budget and Performance Assessment Report submitted in terms of Sections 72(1) and 54(1)(f) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);
2. That following the consideration of the Mid-year Budget and Performance Assessment Report, a municipal adjustment budget be prepared in terms of Section 72(3)(a) read together with Section 28 of the MFMA by 28 February 2024 as required by Regulation 23 of the Municipal Budget and Reporting Regulations 2009; and
3. That the 2023/24-Midyear Budget and Performance Assessment Report be made public by placing it on the municipal website in terms of Regulation 34 of the Municipal Budget and Reporting Regulations GG 32141 of April 2009.

***

**BKN022/01/2024**
**2022/23 DRAFT ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 127 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en bedank die Strategiese Dienste afdeling vir die goeie en harde werk gelewer tydens die proses.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council adopt the 2022/23 Draft Annual Report as tabled by the Mayor in terms of Section 127(2) of the MFMA;

2. That the 2022/23 Draft Annual Report be made public and submitted to the relevant organs of state in terms of Section 127 of the MFMA; and
3. That the 2022/23 Draft Annual Report be referred to MPAC to perform the oversight process and compile the Oversight Report.

***

**BKN023/01/2024**
**VAKATURE: VOORSITTER VAN RISIKO-BESTUURSKOMITEE**
**12/2/2/21**
***('n Langlys word ter tafel gelê)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die vakature van Eksterne Onafhanklike Voorsitter van die Risikobestuurskomitee her-adverteer word.

***

**BKN024/01/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN025/01/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN026/01/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN027/01/2024**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN028/01/2024**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN029/01/2024**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN030/01/2024**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:15***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***